

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

STUDY

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

MUSIEK V1

2018

PUNTE: 120

TYD: 3 uur

SENTRUMNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--

EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye en 1 bladsy manuskrippapier.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.
2. AFDELING A en B is VERPLIGTEND.
3. AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM), AFDELING D: JAZZ en AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM) is keusevrae. Beantwoord slegs EEN van hierdie afdelings (AFDELING C of D of E).
4. Skryf al die musieknotasie in AFDELING A met potlood en al die geskrewe teks met blou of swart ink op hierdie vraestel.
5. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C of D of E met blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf is.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag hierdie bladsy verwyder.
8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.
9. Kandidate moet let op die puntetoekenning van elke vraag om genoeg inligting in hulle antwoorde te gee.
10. Skryf netjies en leesbaar.

NASIENROOSTER

AFDELING	VRAAG	PUNTE	NASIENER	MODERATOR
A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)	1	20		
	2	15		
	3	10		
	4	15		
SUBTOTAAL		60		

EN

B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (VERPLIGTEND)	5	20		
SUBTOTAAL		20		

EN

C: WKM	6	10		
	7	5		
	8	5		
	9	5		
	10	15		
SUBTOTAAL		40		

OF

D: JAZZ	11	10		
	12	5		
	13	5		
	14	5		
	15	15		
SUBTOTAAL		40		

OF

E: IAM	16	10		
	17	5		
	18	5		
	19	5		
	20	15		
SUBTOTAAL		40		

GROOTTOTAAL		120		
-------------	--	-----	--	--

AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)

(90 minute)

**Beantwoord VRAAG 1
EN VRAAG 2.1 OF 2.2
EN VRAAG 3.1 OF 3.2
EN VRAAG 4.1 OF 4.2.**

Beantwoord die vrae in die spasies wat op hierdie vraestel verskaf is.

VRAAG 1

(25 minute)

Bestudeer die uittreksel uit Beethoven se *Violinsonate Op. 34* en beantwoord die vrae wat volg.

The image displays a musical score for Violin and Piano. The top system shows the first few measures. The second system, starting at measure 4, includes annotations (a), (b), (c), and (d). The third system, starting at measure 7, includes annotation (d). The score concludes with 'etc./ens.' in the piano part.

1.1 Benoem die hooftoonsoort van hierdie werk.

(1)


1.2 Benoem die intervalle by **(a)** en **(b)** volgens tipe en afstand.

(a) _____

(b) _____


(2)

1.3 Transponeer die boonste stem van die klavierbegeleiding in die sopraansleutel van maat 2 tot 3¹ by **X** 'n mineur 3^{de} hoër. Voeg die nuwe toonsoortteken by.



(3)

1.4 Herskryf die boonste stem van die klavierbegeleiding in die sopraansleutel van maat 2 tot 3¹ by **X** 'n oktaaf laer sodat dit deur 'n altviool gespeel kan word. Voeg die korrekte sleutel en toonsoortteken by.



(3)

1.5 Benoem die drieklanke by **(c)** en **(d)** volgens tipe en posisie. Gebruik slegs die note in die blokkie.

(c) _____

(d) _____

(2)

1.6 Skryf toevallige tekens (skuiftekens) voor sekere note in maat 7 by **Y** om 'n chromatiese passasie te skep.



(2)

1.7 Noem die toonsoort waarna die musiek in maat 8 tot 10 moduleer.


(1)

1.8 Omkring die enharmoniese ekwivalent van E^b op die partituur.

(1)

1.9 Voltooi die melodiese fragment hieronder deur TWEE stygende sekwense in die gegewe spasie by te voeg.

Motif/Motief



(2)

1.10 Benoem die tipe toonleer waarop die passasie hieronder baseer is.




mf

(1)

1.11 Voltooi die volgende heeltoonleer deur heelnote by die sterretjies (*) in te voeg.

* * * *

(2)
[20]

VRAAG 2**(25 minute)****Beantwoord ÒF VRAAG 2.1 ÒF VRAAG 2.2.**

2.1 Voltooi die aanvangsmotief hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm vir enige enkellyn-, melodiese instrument van jou keuse te skep. Noem die instrument waarvoor jy skryf. Dui die tempo aan en verskaf dinamiek- en artikulasietekens by.

Instrument: _____ Tempo: _____



Die melodie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNTE
Vorm en kadenspunte	3	
Korrektheid Nootstele, polse per maat, skuiftekens (toevallige tekens), spasiëring, uitleg	2	
Kwaliteit Toepaslikheid, musikaliteit, dinamiek, artikulasie, tempo-aanduiding	10	
TOTAAL	15	


[15]**OF**

- 2.2 Voltooi die aanvangsmotief hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm vir enige enkellyn-, melodiese instrument van jou keuse te skep. Noem die instrument waarvoor jy skryf. Dui die tempo aan en verskaf dinamiek- en artikulasietekens by.

Instrument: _____ Tempo: _____



5



9



Die melodie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNTE
Vorm en kadenspunte	3	
Korrektheid Nootstele, polse per maat, skuiftekens (toevallige tekens), spasiëring, uitleg	2	
Kwaliteit Toepaslikheid, musikaliteit, dinamiek, artikulasie, tempo-aanduiding	10	
TOTAAL	15	

[15]

**BLANKO
BLADSY**

VRAAG 3

(10 minute)

Beantwoord ÒF VRAAG 3.1 ÒF VRAAG 3.2.

- 3.1 Bestudeer die uittreksel uit die koraal *Es ist gewisslich an der Zeit* van JS Bach en beantwoord die vrae wat volg.

The musical score is in G minor (one flat) and 4/4 time. It consists of two systems of staves. The first system contains measures 1, 2, and 3. The second system contains measures 4, 5, and 6. Various parts are labeled with letters and numbers: (a) and (b) are chords in measures 2 and 3; (c) is a chord in measure 3; (d) is a chord in measure 5; (e) is a phrase in measure 4; (i) and (ii) are specific notes in measures 2 and 6 respectively.

- 3.1.1 Benoem die toonsoort van hierdie uittreksel.

_____ (1)

- 3.1.2 Identifiseer die akkoorde (a) tot (d) en besyfer hulle op die partituur. Gebruik Romeinse syfers, bv. IV. (4)

- 3.1.3 Besyfer en benoem die kadens by (e) in maat 4. (2)

Kadens _____ (2)

3.1.4 Benoem die tipe nie-akkoordnote by (i) en (ii).

(i) _____

(ii) _____

(2)

3.1.5 Met watter kadens eindig hierdie uittreksel?

(1)
[10]

OF

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder uit *Smoke Gets In Your Eyes* van Jerome Kern en beantwoord die vrae wat volg.

Smoke gets in your eyes

Jerome Kern

The image displays a piano accompaniment for the song "Smoke Gets In Your Eyes" by Jerome Kern. The score is written in 4/4 time and consists of four systems of music. The first system shows the initial four measures, with a circled chord in the right hand labeled (i). The second system starts at measure 4 and contains two boxed sections labeled (a) and (b). The third system starts at measure 7 and contains three boxed sections labeled (c), (d), and (e), with a circled chord in the right hand labeled (ii). A bracket labeled 'X' spans the end of measures 8, 9, and 10. The fourth system starts at measure 10 and contains a circled chord in the right hand labeled (iii). The piece concludes with the text "etc/ens." in the right hand.

- 3.2.1 Die hooftoonsoort van hierdie werk is C majeur. Watter EEN van die toonsoorte hieronder is die submediant mineur van hierdie toonsoort? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

<input type="checkbox"/> A ^b mineur	<input type="checkbox"/> E mineur	<input type="checkbox"/> C mineur	<input type="checkbox"/> A mineur
--	-----------------------------------	-----------------------------------	-----------------------------------

 (1)

- 3.2.2 Identifiseer die akkoorde **(a)** tot **(e)** en besyfer hulle op die partituur. Gebruik akkoordsimbole bo die partituur, bv. B^b/D. (5)

- 3.2.3 Benoem die tipes nie-akkoordnote by **(i)**, **(ii)** en **(iii)**.

(i) _____

(ii) _____

(iii) _____ (3)

- 3.2.4 Benoem die kadens wat in maat 8 en 9 by **X** gevorm word.

(1)
[10]

VRAAG 4**(30 minute)****Beantwoord ÒF VRAAG 4.1 ÒF VRAAG 4.2.**

- 4.1 Voltooi die vierstemmige vokale harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg.

Die harmonisering sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNTE
Akkoordprogressie Akkoordkeuse, korrekte gebruik van kadens	12	
Korrektheid Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering	14	
Kwaliteit Musikaliteit, nie-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit	4	
	30 ÷ 2	
TOTAAL	15	

[15]**OF**

- 4.2 Voltooi die stuk hieronder deur gepaste harmoniese materiaal in die onvolledige mate in te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die gegewe materiaal in maat 1 en 2 voorgestel word.

Die harmonisering sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNTE
Akkoordprogressie Akkoordkeuse, korrekte gebruik van kadens	14	
Korrektheid Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering	13	
Kwaliteit Musikaliteit, nie-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit	4	
	30 ÷ 2	
TOTAAL	15	

[15]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS**(90 minute)**

**Beantwoord AFDELING B
EN AFDELING C (Westerse Kunsmusiek)
OF AFDELING D (Jazz)
OF AFDELING E (Inheemse Afrika-musiek).**

Beantwoord hierdie die vrae in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf word.

AFDELING B: ALGEMEEN (VERPLIGTEND)**VRAAG 5**

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae en stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A tot D) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 5.1.11 D.

5.1.1 Betekenis van polifonies:

- A Musiek met meer as een melodie of stem
- B Twee of meer gelyktydige, onafhanklike melodielyne
- C Twee of meer instrumente wat gelyktydig speel
- D Al die bogenoemde

5.1.2 Sinkopasie is 'n term wat ...

- A slegs in popmusiek gebruik word.
- B na 'n passasie met sterk aksente verwys.
- C aksente op polse, wat gewoonlik swak is, beskryf.
- D Al die bogenoemde

5.1.3 'n Trekklavier word tipies in ... gebruik.

- A boeremusiek
- B Barokmusiek
- C isicathamiya
- D Romantiese musiek

5.1.4 Tonale musiek ...

- A is op majeur- en mineurtoonlere gebaseer.
- B gebruik verwante toonsoorte in 'n enkele werk of beweging.
- C sluit musiek uit die Barok en Romantiese tydperke in.
- D Al die bogenoemde

5.1.5 Timbre is die ...

- A spesifieke kwaliteit van 'n musikale klank.
- B tipe klank wat 'n bepaalde instrument, bv. die klarinet, maak.
- C toonkleur van 'n bepaalde groep instrumente, bv. die strykers.
- D Al die bogenoemde

- 5.1.6 'n Baie sagte, dinamiese vlak in musiek:
- A Piano
 - B Mezzo piano
 - C Pianissimo
 - D Al die bogenoemde
- 5.1.7 ABA-struktuur in 'n musiekwerk word ook ... genoem.
- A drieledige vorm
 - B tweeledige vorm
 - C vers en refrein
 - D roep en antwoord
- 5.1.8 Watter van die volgende is 'n tipiese Afrika-instrument?
- A Klarinet
 - B Mbira
 - C Sitar
 - D Koto
- 5.1.9 Watter van die volgende instrumente is 'n idiofoon?
- A Beesklok
 - B Djembe
 - C Banjo
 - D Saksofoon
- 5.1.10 Die term *a cappella* verwys na 'n ...
- A kapelkoor.
 - B solo.
 - C werk sonder begeleiding.
 - D gedempte uitvoering. (10 x 1) (10)
- 5.2 Beantwoord die vrae wat volg.
- 5.2.1 Definieer die term *tekstuur* met verwysing na musiek. (1)
- 5.2.2 Noem en beskryf enige TWEE tekstuurtypes. (4)
- 5.3 Behalwe optrede as 'n kunstenaar, noem VIER ander loopbane wat jy in die musiekbedryf kan volg. (4)
- 5.4 Definieer die term *meganiese regte*. (1)
- TOTAAL AFDELING B: 20**

**Beantwoord AFDELING C (WKM)
OF AFDELING D (JAZZ)
OF AFDELING E (IAM).**

AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

VRAAG 6

6.1 Beskryf DRIE van die volgende:

6.1.1 Simfoniese toondig

6.1.2 Opera seria

6.1.3 Ouverture

6.1.4 Aria (3 x 2) (6)

6.2 Gee EEN woord/term vir VIER van die volgende beskrywings:

6.2.1 Die houtblaasinstrument wat in die Klassieke orkes, maar nie in die Barokorkes nie, gespeel is

6.2.2 'n Nietransponerende instrument in die koperblaaasseksie van 'n orkes

6.2.3 'n Dubbelrietinstrument wat in die standaard Klassieke orkes aangetref word

6.2.4 'n Geplukte klank wat deur die strykers gespeel word

6.2.5 'n Italiaanse tempo-aanduiding wat *stadig* beteken (4)
[10]

VRAAG 7

Skryf 'n paragraaf waarin jy kortliks kommentaar lewer op die komiese aard van Mozart se opera, *Die Zauberflöte*, deur te verwys na die karakter van Papageno en sy aria, *Der Vogelfänger bin ich ja*. (5)

VRAAG 8

Voltooi die vergelyking hieronder van die eerste beweging/deel van Beethoven se *Simfonie No. 6 in F majeur, Op. 68* en Mozart se Ouverture tot *Die Zauberflöte*. Skryf slegs die antwoorde langs die vraagnommers (8.1 tot 8.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer, bv. 8.6 Drieledige vorm

	BEETHOVEN Eerste Beweging <i>Simfonie no. 6</i>	MOZART Ouverture tot <i>Die Zauberflöte</i>
Tempo	Allegro ma non troppo	8.1
Vorm	8.2	8.3
Instrumentasie Standaard Klassieke orkes plus ...	8.4	8.5

[5]**VRAAG 9**

Alhoewel Mendelssohn sy *Hebrides Ouverture* tydens die Romantiese stylydperk geskryf het, is dit steeds hewiglik beïnvloed deur tipiese kenmerke van die Klassieke tydperk. Skryf 'n paragraaf waarin jy hierdie Klassieke invloede beskryf.

[5]**VRAAG 10**

Beethoven se *Simfonie No. 6 in F majeur, Op. 68* het 'n subtitel, *Herinnering aan 'n plattelandse lewe*.

Verwys na die stelling hierbo en skryf 'n opstel waarin jy die verskillende voorstellings van plattelandse lewe in die VIERDE en VYFDE bewegings bespreek. Verwys na die titel en klankskildering in hierdie bewegings van die simfonie.

Jy sal punte ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

KRITERIA		PUNTETOEKENNING
Vierde beweging:	Titel	1
	Klankskildering	5
Vyfde beweging:	Titel	1
	Klankskildering	5
Logiese aanbieding en struktuur van die opstel		3
TOTAAL		15

[15]**TOTAAL AFDELING C: 40****OF**

AFDELING D: JAZZ**VRAAG 11**

11.1 Beskryf die volgende terme:

11.1.1 Swing-ritme

11.1.2 Scat-sang

11.1.3 Ghoema

11.1.4 Malombo (4 x 2) (8)

11.2 Gee 'n term vir die volgende stellings:

11.2.1 'n Vroeë Amerikaanse klavierstyl wat marabi beïnvloed het (1)

11.2.2 'n Kort herhaalde frase in jazz wat tipies as 'n inleiding gebruik word (1)
[10]

VRAAG 12

Kies EEN van die kunstenaars en noem watter musiekkenmerke jy sou verwag om te hoor indien jy 'n konsert van Dolly Rathebe, Thandi Klaasen of Miriam Makeba sou bywoon. [5]

VRAAG 13

Vergelyk die kwêla-, mbaqanga- en marabi-musiekstyle met mekaar. Skryf slegs die antwoorde langs die vraagnommers (13.1 tot 13.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 13.6 Brenda Fassie.

	KWÊLA	MBAQANGA	MARABI
Kunstenaar/groep	13.1	13.2	The Manhattan Brothers
Harmoniese progressie	I-IV-V-I	I-IV-V-I	13.4
Instrumentasie	13.3	Begeleidingsorkes en sang	13.5

[5]

VRAAG 14

Skryf 'n paragraaf waarin jy die tipiese eienskappe van die musiek van EEN van die kunstenaars/groepe hieronder bespreek:

- Zim Nqawana
- Spirits Rejoice
- Sakhile

[5]

VRAAG 15

Skryf 'n opstel oor die musiek van EEN van die volgende Suid-Afrikaanse jazz-kunstenaars:

- Abdullah Ibrahim
- Robbie Jansen
- Winston Mankunku Ngozi

Bespreek die kunstenaar se musiek deur na invloede, ritme, harmonie, melodie, tekstuur en instrumentasie te verwys. Noem ten minste TWEE albums/liedjies om jou antwoord te staaf.

Jy sal punte ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

KRITERIA	PUNTETOEKENNING
Musiekeienskappe	10
Albums/Liedjies	2
Logiese aanbieding en struktuur van die opstel	3
TOTAAL	15

[15]**TOTAAL AFDELING D: 40****OF**

AFDELING E: INHEEMSE AFRIKAMUSIEK (IAM)**VRAAG 16**

16.1 Beskryf die volgende terme:

16.1.1 Isihlabo (2)

16.1.2 Malombo (2)

16.1.3 Kiba (2)

16.1.4 Amahubo (2)

16.2 Met watter instrument assosieer jy TWEE van die volgende stellings?

16.2.1 Die kleinste trom wat in Kiba-musiek gebruik word

16.2.2 Die chordofoon wat die stemstyl van die maskandi-kitaar beïnvloed het

16.2.3 Die trom wat gebruik word om liedere te begelei wat die voorvadergeeste in die vhaVenda-kultuur oproep

(2)
[10]

VRAAG 17

Izibongo is 'n integrale deel van 'n maskandi-lied.

Brei uit op hierdie stelling deur na die rol van izibongo in maskandi te verwys.

[5]

VRAAG 18

Vergelyk die malombo, mbaqanga en maskandi-musiekstyle met mekaar. Skryf slegs die antwoorde langs die vraagnommers (18.1 tot 18.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 18.6 Miriam Makeba

	MALOMBO	MBAQANGA	MASKANDI
Kunstenaar/groep	Malombo Jazz Makers	18.1	Shwi Nomthekala
Akkoordprogressie	18.2	I-IV-V-I	18.3
Instrumentasie Begeleidingsorkes ('band') + kitaar + ...	18.4	18.5	Begeleidingsorkes ('band') + kitaar + konsertina en sang

[5]

VRAAG 19

Beskryf die belangrikheid van ritme in Afrika-musiek.

[5]**VRAAG 20**

Zulu inheemse geloofsoortuigings het die musiek en uitvoeringspraktyke van isicathamiya beïnvloed.

Bespreek die stelling hierbo met verwysing na die volgende:

- Relevansie van diere
- Zulu-familiewoning
- Stokgevegte (ukuqatha)
- Umuntu ngumuntu ngabantu

Jy sal punte ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

KRITERIA	PUNTETOEKENNING
Die relevansie van diere	3
Zulu-familiewoning	4
Stokgevegte (ukuqatha)	3
Umuntu ngumuntu ngabantu	2
Logiese aanbieding en struktuur van die opstel	3
TOTAAL	15

[15]

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 120

